Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, August 27, 2023

Page: 16

# Los teemaak en gesels met ’n beplanner

## Vroue dikwels hul eie vyand wanneer geld begin praat



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**



**Vroue moet hulself na waarde skat en ook hul eie finansiële beplanning doen.** | FOTO: ISTOCK

Ons het pas Vrouemaand gevier. Die maand waarin Nasionale Vrouedag val (9 Augustus). Op byna elke politieke verhoog is die “waarde van vroue” verkondig. Dis al. Daar kom niks van nie. Politieke wind.

En in die geldwêreld?

Ek sien advertensies en artikels gemik op vroue. So of vroue hul geld anders moet belê as mans.

Dit is louter snert.

’n Aandeel gee nie ’n duit om of hy deel is van ’n bemarkingspakkie toegedraai in ’n pienk strikkie nie. Die rand in jou hand is ’n rand, nie mooier of meer werd as enigiemand anders s’n nie.

Die belasting op jou beleggingsinkomste is dieselfde. Jan Taks voel vere vir jou geslag.

So, kom ons ignoreer die bemarkingstwak oor vroue en finansies en kyk na wat werklik tersake is.

Vir vroue, want daar is tog ’n andersheid.

Maar dit gaan oor die posisie van vroue in die samelewing, die houding teenoor vroue en ja, ongelukkig ook oor hoe vroue hul eie rol in die samelewing sien. Hul plek in die huwelik sien.

Ons los eers dié sosiale vraagstukke en fokus op die geldkwessies.

As daar een ding is wat uitstaan, dan is dit dat vroue nie na waarde geskat word nie. Baie vroue maak hulself skuldig daaraan, veral in huwelike.

Die man is baie keer die hoofbroodwinner. Vroutjie neem ’n ondergeskikte rol aan. Haar inkomste word byna as ’n meevaller beskou. Daar is selde ’n langtermyn- finansiële plan aan gekoppel.

As sy ’n tuisteskepper is nog erger.

Min mense besef skynbaar dat ’n vrou by die huis ook ’n geldwaarde het. Daarom nog minder van ’n langtermynplan.

**En aftrede of siekte?**

Hoewel die meeste mense ’n tekort aan genoeg kapitaal het by aftrede, word vroue se aftreegeld baie maklik onttrek as sy haar werk bedank – Jan Taks glimlag breed – en gebruik vir ’n nuwe kar of om ’n swembad te bou. Alles behalwe spaar.

Ek noem hierdie paar punte sodat lesers hieroor sal dink. Vroue moet daaroor dink. Mans moet daaroor dink.

Dood het ’n finansiële gevolg. Ongeskiktheid het ’n finansiële gevolg. Gevreesde siekte het ’n finansiële gevolg.

Aftrede skep ’n finansiële behoefte.

My punt is, vroue het ’n geldwaarde.

Of hulle nou maandeliks geld inbring om die pot aan die kook te hou en of hulle by die huis die pot aan die kook hou. Met of sonder kinders versorg.

Vroue moet na hulself kyk. Soms eers na hulself kyk.

Spaar jy vir aftrede? Of maak jy staat net op jou man se aftredevoorsiening?

Kan julle dit bekostig, wetende dat minder as 10% van ons land se mense genoeg geld het om af te tree?

En as jy by die huis werk?

Ja, dit het ’n waarde.

Wie kyk na die kinders as jy wegval?

Mans gaan gewoonlik eerste dood, maar nie altyd nie. ’n Kinderoppasser, nauurse versorging en dies meer kos geld. En gewoonlik het die familie nog skuld ook wat gedelg moet word.

Genoeg lewensdekking kan help. Dit is eintlik nodig.

Vroue word ook siek. ’n Gevreesde siekte soos kanker, ’n hartaanval of beroerte kan ernstige finansiële gevolge vir die gesin inhou.

Mediese skemas betaal eenvoudig nie vir alle finansiële gevolge van sulke siektes nie. En veral nie vir die lewenstylaanpassings wat soms gemaak moet word nie.

Dit is waar gevreesdesiektedekking inkom. ’n Versekeringsvoordeel wat ek as uiters belangrik beskou, selfs vir ná aftrede.

Bespreek hierdie sake met ’n finansiële beplanner en laat hy of sy vir julle ’n plan opstel wat gemoedsrus sal bring.

Maar doen dit saam. Die dae dat ’n versekeringsagent met die man sit en gesels oor finansies en die vrou net koffie en koekies aandra, is hopelik verby.

Doen jou finansiële beplanning deur eers te kyk na die finansiële risiko’s. Ja, spaar is nodig, maar jy moet eers seker maak dat jy jou geldrisiko’s dek.

Maak dit vir jouself makliker deur die “wat as?” vrae te vra.

Wat as ek aftree? Het ek genoeg geld om my te onderhou vir die res van my lewe (met of sonder jou man se bydrae)?

Vroue leef langer as mans. Mense leef in die algemeen langer as hul statistiese lewensverwagting. Wat jy beslis nie wil hê nie, is dat jou geld voor jou “doodgaan”.

Wat as ek (nou) doodgaan? Is daar genoeg geld om iemand te kry om die kinders te versorg? Kan al ons skuld betaal word?

Wat as ek ’n gevreesde siekte soos kanker kry? Of Alzheimer se siekte?

Ek weet van iemand wat sowat tien jaar met Alzheimer se siekte geworstel het. Sy moes opgepas word en dit het geld gekos wat die mediese skema nie alles voorsien het nie.

Maak seker dat jy voorsiening maak vir môre en oormôre, maak nie saak wat gebeur of wanneer dit gebeur nie. Ons kan nie ons eie lewenspad bepaal nie, maar ons kan voorsorg tref teen die finansiële gevolge van die onverwagte.

In ’n neutedop: Vroue moet hul eie finansiële beplanning doen. In die huwelik is dit gewens. Sou die huwelik verbrokkel, is dit om oorlewing.

■ **Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is ’n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com**

## Voorlopige taks: Die slang in die gras

**Nog raad**

Ek het verlede week hier kortliks voorlopige belasting bespreek.

Ek het daarop gewys dat voorlopige belastingbetalers (natuurlike persone) hul eerste voorlopige belasting vir die 2024-belastingjaar voor die einde van hierdie maand moet indien.

Ek het ook kortliks ’n definisie gegee van wanneer jy as voorlopige belastingbetaler beskou word.

Lees dit gerus weer.

Maar hier is nou die slang in die gras.

Jan Taks het in al sy gewaardeerde verbeterings en die makliker maak vir mense om hul belastingpligte na te kom, soos die outomatiese opgawe vir baie mense, een yslike blaps gemaak.

Daar word nou van jou as belastingbetaler verwag om elke jaar opnuut te besluit of jy ’n voorlopige belastingbetaler is of nie.

Vir daardie spesifieke jaar. En dan volgende jaar weer.

Jou probleem is dat jy jou inkomste vir die jaar kan onderskat en dan nie registreer as voorlopige belastingbetaler nie. En jy word beboet.

Of Jan Taks besluit jy is nie meer ’n voorlopige belastingbetaler nie, jou nie so inlig nie en jy glo jy het nog tyd tot in Januarie van die daaropvolgende jaar om jou opgawe in te dien. En jy word beboet.

Dis ’n nagmerrie.

Maak dus maar seker.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.